Lofprysing & Aanbidding	**Lied 201; Ps 100; Vonkk 126; Vonkk 159; FLAM 8**	
VERWELKOMING		
TOETREDE:	**Lied 254 2x**	*Spreek Heer!*
VOTUM EN SEENGROET		
LOFLIED:	**Lied 547:1 – 3**	*Alle volke, klap jul hande*
WET: Rom 12:9 – 11 DB		
BOETELIED:	**Lied 240:1,2**	*Heiland as in ootmoed stil*
GELOOFSBELYDENISLIED:	**Lied 450: 1,2**	*Vader, Seun, Heilige Gees*
KINDERMOMENT:	JESUS GENEES 'N VERLAMDE MAN	
LIED:	*JESUS ESTÁ NO MEIO DE NÓS – JESUS STAAN IN ONS MIDDE*	
GEBED VIR OPENING VAN WOORD – DOKSOLOGIE		

SKRIFLESING: LUKAS 5:17 – 26
TEKS: Lukas 5:20 DB

Jesus was baie beïndruk met die vriende van die verlamde en hulle geloof. Hy sê toe vir die verlamde man: *"Vriend, Ek gaan jou 'n goeie rede gee om weer te lag. Ek gaan sorg dat God nie meer vir jou kwaad sal wees oor jou sondes nie. Jou sondes is vergewe."*

TEMA: JESUS WAS 'N HELPER VIR SUKKELENDE MENSE – IS JY?

- IS DAAR 'N VERBAND TUSSEN SONDES, ONGELUKKE, SIEKTES EN 'N GESUKKEL?
- SWAARKRY IS NIE DIE MANIER HOE GOD MENSE TERUGKRY NIE – Lukas 13:1 – 5
- HET GOD 'N BESONDER SAGTE PLEKKIE VIR 'SUKKELAARS'? – Die Belhar belydenis
- DIE BELANGRIKE ROL VAN HELPERS
- IS GENESING ALTYD AFHANKLIK VAN ONS GELOOF?
- GEBRUIK DIE 5 LIEFDESTALE OM MENSE TE HELP
- DIE VOORDEEL VAN ONDERSTEUNINGSGROEPE EN BELANGEGROEPE
- ONS HET GOEIE REDES OM WEER TE LAG - ONS SONDES IS VERGEWE !

PREEK		
VOORBIDDINGSGEBED	- VIR MENSE WAT SUKKEL EN HELPERS	
LIEFDEGAWE		
AFKONDIGINGS		
SLOTLIED:	**Lied 284:1 - 3**	*Laat, Heer u vrede deur my vloei*
UITSTUURLIED:	**FLAM 406**	*Maak my 'n beeld van Jesus liefde*

Teks: Lukas 5 : 17—26
Tema: Jesus was 'n helper vir sukkelende mense—is jy?

10:30 Kategese

15:00 Sothodiens: Oudl Manus Conradie

17:30 Koffie Konnekt: Ds Willie Henning
Teks: Genesis 22 : 7 & Johannes 1 v:29
Tema: Daar is die Lam van God

DEURKOLLEKTE:
Bedieningsfonds

✞ Februariemaand is **Getuienismaand**!!!

POEDINGVERKOPE na die diens in die saal

Diakens diensbeurte:	**23 Februarie** Izak, Colin, Conri, James, Petrusa, Trudie, Deon	**1 Maart** Margaret, Hennie, Linda, Schalk, Ina, Pierre, Deon
Ouderling diensbeurte:	**23 Feb—** Pierre van Biljon **1 Mar—** Herklaas Smit	**Kantoordiens:** **23 Feb—** Chrisna van Wyk **1 Mar—** Annetjie v Wyngaardt

ALGEMENE INLIGTING:

- ***Leraar**: Ds Mauritz Heyneman*
  Adres: Danie Pienaarsingel 12, Pentagonpark
  Kontakbesonderhede: 079 895 3916 of 051 436 1644

- ***Kerkkantoor**: Lalique Janse van Rensburg*
  Adres: Stratfordstraat 43, Heuwelsig
  Kontakbesonderhede: 051 436 6634

- ***Alle nuwe lidmate!*** Hartlik welkom hier by ons! Ons gebed is dat jy hier tuis sal voel. Gee asb. jou naam na die diens in die voorportaal by die ouderling op en iemand sal jou kontak.
- ***Huisbesoek:*** Indien jy 'n behoefte aan huisbesoek het, of bewus is van iemand wat dringend huisbesoek benodig, kontak asb vir Ds Mauritz, jou kerkraadslid of die kerkkantoor. ***Ons is hier vir jou!***
- **Laat weet asb vir Ds Mauritz van siekte, veral *hospitalisasie*.** As jy ons nie laat weet nie, kan ons jou nie besoek nie ... dit geld ook asb. wanneer persone "*step downs*" toe gaan.
- **Dankoffers:** Baie dankie vir jou getroue finansiële bydrae tot Heuwelkruin se werksaamhede. Oorweeg asb. elektroniese oorbetalings (EFT) of debietorders. Oorweeg ook (aan die begin van die jaar) 'n aanpassing in jou dankofferbydrae en/of debietorder.
- **Bankbesonderhede:** NG Heuwelkruin, ABSA Tjekrekening 470 583 266, Takkode 632 005
- Ons drink elke Sondag na die erediens **tee/koffie** (met beskuit) by die luike—ALMAL welkom! Nooi iemand en kom kuier saam. Dankie aan die skinkers!

LIEF EN LEED:

- Stoffel Botha (M) Hospitaal
- Izak de Villiers (O) Herstel na rugoperasie
- Kiewiet Potgieter (D/G) Hematoom aan been
- Rita van Rooyen (L) Leukemie; geval en arm gebreek
- Retha Grobler (C) Bestraling/kanker

ASWOENSDAG (begin van Lydenstyd)

ASWOENSDAGDIENS 26 Februarie om 18:00 in die Kapel.

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE 2020

Gebedsbyeenkoms, Vrydag 6 Maart om 10:00 in die Kapél.

Alle vroue word hartlik uitgenooi na die geleentheid! Indien jy nie die oggend se byeenkoms kan bywoon nie, maar graag saam wil bid, bevestig asb dan by Christine du Toit 073 413 7790 wat bereid is om 'n verkorte weergawe van die oggend se program om 17:15 aan te bied.

KOFFIE KONNEKT - elke Sondagaand 17:30

⇨ 1 Maart—ds De la Harpe le Roux kom deel oor **Torings van Hoop**

⇨ 15 Maart—Santa Strydom kom gesels oor **Alzheimers**

Let wel:

✞ Omgeegroepe die komende week—**2020-Visie** tema #6 *Sien Suid-Afrika anders*

✞ **Athalia** benodig asb storieboeke. Gee by Kerkkantoor af.

JEUG

⇨ **Kategesekollekte**: Vanjaar samel ons kinders geld in vir Doephuis se dogtertjies. Ons mikpunt is R3500! Dankie vir elke geldjie wat ons kinders Sondae in die kollektekissies gooi.

⇨ **Belydenisklas**: ons besoek Vrydag 28 Februarie vir Torings-van-Hoop.

⇨ 15 Maart **Bybelbasaar** (kwartaalafsluiting)

Ligdraers, Heuwelkruin bid op Donderdag 27 Februarie 2020

Kom ons tree in vir ons gemeente, ons regering, ons land en geestelike herlewing op Donderdag 27 Februarie. Elkeen bid vir n halfuur of meer by sy eie huis vir God se ingrype in ons land. In ons nood roep ons na die Here,in sy paleis hoor Hy ons geroep…Hy luister na ons Ps.18:7.

Na die diens sal 'n naamlys en gebedsriglyne in die kerk se voorportaal beskikbaar wees. Vir enige verdere inligting kontak Christine du Toit 073 413 7790 of Hermine Watson 082 819 9623.

Alzheimers

Die Alzheimer-vereniging van Suid Afrika se Vrystaat-tak bied op verskillende plekke in Bloemfontein ondersteuningsgroepe aan vir die versorgers/lewens-maats/kinders van die Alzheimer-pasient. Die groepe bied die geleentheid om inligting oor die siekte te bekom, met ander versorgers/lewensmaats/ kinders te gesels oor ervarings en probleme en om ondersteuning te ontvang. Dit is geslote groepe - met ander woorde slegs vir persone wat direk deur die siekte geraak word - en 'n hoë premie word op vertroulikheid geplaas.

Die ondersteuningsgroep vir die noordelike voorstede word elke laaste Woensdag van die maand van 10:00 tot 11:00 in die biblioteek van Noorderbloem-Aftreeoord, Metzstraat, Bayswater, aangebied.

Persone wat belangstel kan vir Santa Oosthuizen by 0718645783 skakel.

Tsumkwe-uitreik 2020

Daar word 'n uitreik na Tsumkwe beplan vir DV 12 tot 20 Junie.

Indien jy geroep voel om hierdie uitreik mee te maak, kontak asb. vir ds Mauritz (079 895 3916) vir meer inligting. **SLUITINGSDATUM**: 20 Maart 2020

VROUEDIENS

Baie dankie aan die gemeentevroue van Blok C, D/F, E/G en N wat vandag bygedra het, asook gehelp het, met die poedingverkope.

Blok O: groot dankie vir jul teeskinkbeurt hierdie afgelope maand.

Heuwelkruinvroue meld asseblief aan en stel jouself beskikbaar om te help met die Vrouediens se werksaamhede in die gemeente… vele hande ligte werk! Skakel gerus vir Hannelie du Randt (voorsitter) 0828061648 of Sonja Jansen 0712023972.

Dankoffers

Baie dankie dat jy as lidmaat getrou jou dankofferbydrae vir Heuwelkruin se werk in God se koninkryk bydra! Ons waardeer dit opreg.

Wil jy nie dalk oorweeg om jou aftrekorder *vir 2020 aan te pas nie?* *Dit kan net meehelp om ons verpligtinge oral na te kom.* Vir u gerief, veiligheid en 'n konstante inkomste vir die gemeente, word u vriendelik gevra om elektroniese inbetalings te oorweeg.

Bankbesonderhede: *NG Gemeente Heuwelkruin, ABSA; Rek no: 470 583 266; Takkode: 632 005; Verw: U lidmaatnr*

Indien jy graag 'n spesiale bydrae t.o.v. 'n spesifieke projek van die gemeente wil maak, kan jy dit ook so spesifiseer wanneer jy 'n EFT-oorbetaling maak. Dit sal dan vir daardie spesifieke doel aangewend word.